# KENRIDGE GEMEENTE GEBEDSBULLETIN
# 28 April 2024

## BID DIE SKRIF: JOHANNES 15:5-8

https://www.bible.com/bible/3499/JHN.15.5-8

Here Jesus,
U is die druiwestok, ons die lote.
Ons wil in U bly en vra "Kom bly in ons", sodat ons baie vrug kan dra -
Want sonder U kan ons niks doen nie.
Ons wil binne-in U en U woorde bly, en op grond daarvan vra,
Sodat dit waarvoor ons vra met ons sal gebeur.
Hemelse Vader, ons wil dissipels wees wat baie vrug dra, sodat U daardeur verheerlik word.

## BID VIR DIE WÊRELD

**Noord-Korea:** Noord-Korea is ŉ Kommunistiese Militêre Diktatorskap wat afgesonder van die res van die wêreld leef. Die land se kernwapen aspirasies verhoog die isolasie weens streng sanksies wat deur Westerse lande in tand gehou word. Daarom bid ons

- vir die ekonomiese ontwikkeling van Noord-Korea, aangesien ongeveer 60% van die bevolking in uiterste armoede leef.
- dat die mense hier toegang tot voedsel en primêre gesondheidsorg sal kry.
- dat meer mense Christus in hulle harte sal aanvaar en vryheid, vrede en vreugde in Hom sal vind.

**Suid-Korea:** Suid-Korea is die wêreld se 13de grootste ekonomie, met elektroniese toerusting en motors hul grootste uitvoerprodukte. Te midde van die sosio-politieke druk van Noord-Korea en China, is Suid-Korea een van die lande waar die Christelike geloof die vinnigste groei en is dit die land wat die tweede meeste internasionale sendelinge uitstuur. Ons bid vir

- Bybelwerk in ons land en vir ons (Bybelgenootskap van S.A.) doelwit om Koreaanse kerke te dien.
- Bid dat ons missie — om God se Woord te deel deur vertaling, publikasie en verskeie programme — suksesvol sal wees.
- Bid dat dit mense sal help om God se Woord in hul daaglikse lewens uit te leef.

**Japan:** Japan vermeng die ryk tradisies van 'n antieke beskawing met 'n ongelooflike moderne en tegnologies gevorderde kultuur. Japan beleef egter ook ŉ toename in sosiale kwessies, soos geweld en misdaad, een van die hoogste selfdood syfers ter wêreld (30 000 per jaar), tienerprostitusie, hoë egskeidingsyfers en groeiende sosiale angs. Ons bid vir

- Dr. Stéphan van der Watt wat as sendeling saam met Missie Japan vanuit Kobe in Japan bedien.
- die voortgesette sukses van Japannese Bybelwerk terwyl ons poog om God se Woord te versprei en die Evangelie te deel.
- die vertaling van die Bybel in Japannese Gebaretaal, spesifiek vir die vertaalspan en hul gesinne.

## BID VIR SUID-AFRIKA:

Bid vir die algemene verkiesing op 28 Mei. Ons bid vir

- Regverdigheid: Dat gelowiges sal stem vir sosiale geregtigheid.

- Roeping: Dat gelowiges en gemeentes ‘n aktiewe rol speel in die beweegrigting van SA.
- Rigting: dat die Here gelowiges oor alle grense heen sal laat brûe bou soos Jesus deur respek, erkenning, liefde en eenheid vir almal in ons land.
- Vir meer, gaan na https://kaapkerk.co.za/verkiesingsfokus/

Bid vir die huidige ekonomiese klimaat wat die effek van werkloosheid en armoede verhoog.

## BID VIR ONS GEMEENTE:

**Bediening na buite:** Zithulele besoek in Junie

- Bid vir elkeen wat nog moet besluit of hulle wil saamgaan.
- Bid vir die span se voorbereiding: opleidingsgeleenthede 17 Mei en 8 Junie.
- Bid vir die nodige finansies vir die verskillende projekte.

**Bediening in die gemeente:**

- The World Needs a Father se Dad’s talk kursus het begin met 15 pa’s wat deelneem.
- The Mother Design kursus vind 1, 3-4 Mei plaas. Ons bid vir die span aanbieders en hul voorbereiding.
- Bid vir die leraarspan se voorbereiding vir die Pinkster-reeks “Die Goddelike Komplot” en Susan Johnston se voorbereidings vir Kinder-Pinkster.
- Bid vir die kerkraadsvergadering van 6 Mei.

**Siekte en uitdagings:**

- **Ruben van Rooyen** – Daar is weer aggressiewe sarkome by Ruben gediagnoseer.
- **Jackie Coetzee** – Kanker diagnose. Ons bid vir Jaco, kinders en kleinkinders.
- **Christelle van Rensburg** – Het begin met chemoterapie behandeling vir borskanker.
- **Cheryl Scriven** ontvang steeds chemo vir borskanker - bid vir haar en oom Flip.
- **Oom André Küyler** herstel tuis na chirurgie. Bid asb. vir sy volledige herstel.
- **Oom Robbie Kleywecht** - herstel na chirurgie aan sy heup - bid vir sy herstelproses en ook vir sy familie.
- **Oom Org Nel** - bly bid vir sy genesing.
- **Oom Jannie Snyman** - (OWA) **-** herstel na beroerte.
- **Ursula Smith** (OWA) – bid steeds vir haar, Jack en hulle kinders en kleinkinders.
- **Rupert Smith** - ontvang verdere behandeling - bid vir hom en sy gesin.
- **Riaan en Ester van der Merwe** se dogter Hilda in George ontvang behandeling vir kanker. Bid vir God se ingrype en genesing.
- **Stella Basson** (OWA: Jacques Basson se moeder) word tuis versorg en behandel na ‘n 5-week periode in die hospitaal. Asseblief bid vir versterking.
- **Magriet Birch** het 'n beroerte gehad en sterk tans tuis aan.
- **Wouter van der Merwe** het 'n nierprosedure ondergaan en herstel tuis. Bid vir hom en Manna.
- **Francois van den Berg** se pa het leukemie met ŉ terminale prognose. Ons bid saam met hulle in die reis.
- **Helene Dippenaar –** Herstel goed van die skouerbesering. Ons dank die Here!